



# SA JAGGEWEERSKIETVERENIGING HUNTING RIFLE SHOOTING ASSOCIATION

[sahuntingrifle.co.za](http://sahuntingrifle.co.za)



Geakkrediteerde Vereniging Nr. 1300039 Accredited Association

## Safari and Outdoor BOLAND OPE 2015

Die Boland Ope 2015 het plaasgevind op Saterdag 19 September by die Kaapjag Wynland Baan te Robertson .

Gert Visser en Andries du Toit se beplanning was uitstekend en al die reëlins en die kompetisie het seepglad en in 'n uitstekende gees verloop met geen insidente. Die 'n vol veld van 180 skuts was ingedeel in 6 groepe van 30, elk met twee aflossings van 15 skuts. Daar was 4 verantwoordelike baan beampptes wat saam met die groep beweeg het en die bane is geskiet in 'n vaste rotasie basis. Bane was baie toeganklik en ingedeel in twee areas van 3 bane wat redelik vër uitmekaar was. Vervoer was mooi georganiseer en daar was nie enige onnodige openhoud nie.

Die geleentheid is een van die bes ondersteunde skiete wat aangebied word met 'n 12 Juniors, 3 Penkoppe en 9 Dames in die veld.

Die eerste skote het so 9h30 geklap en almal was net na 15h00 terug in die skadu van die kuier area waar die skuts getrakteer was met 'n heerlike hoederbraai en koel verwersings.

**Die bane was soos volg met afstande na raming:**

**Baan 1:** Vlakvark vryhand staan op ongeveer 50m

**Baan 2:** Gongbaan staan oor ronde strooibale (200, 250, 320, 340, 250)



**Baan 3:** Springbok sit met tweepoot stokkies op ongeveer 120m

**Baan 4:** Gongbaan van Fordbakkie se Rollbar (250,200, 280, 300 220)



**Baan 5:** Rooibok staan by 3 poot op 120m



**Baan 6:** Blesbok lê oor wal met x-bag op 260m



Danksy Chantél Visser en haar helpers was die tellings net na 16h00 gereed vir navrae. Gert Visser het die prysuitdeling kort en kragtig gehou en almal kon net na 17h00 huiswaarts keer en nog kyk hoe die Japanese ons "n rugby les leer.

### **Bushnell Gong Challenge**

Die manne en "n dame het toe na afloop van die kompetisie hul lang afstand vernuf getoets deur een kaartjie te koop vir 3 skote. Die gemete afstande vir Gong een was 405m, twee 480m en drie 500m. Sodra gong een getref is, kon jy aanskuif na gong twee en drie. Deur gong eenkeer raak te skiet het die skut gekwalifiseer vir een kaartjie vir die gelukkige trekking vir 'n Bushnell L Series verkyker ter waarde van R7000 wat geborg deur ons plaaslike Bushnell agent. Daar was verskeie suksesvolle skuts waarvan selfs 'n paar van ons juniors was wat gong twee ook raakgeskiet het. Corrie Prins is uiteindelik die gelukkige wenner getrek van die uitstekende prys.

Baie dankie aan 'n uitstekende span by die Wynland tak van Kaapjag. Julle weet hoe om dinge glad te laat verloop. Sien aangeheg 'n paar fotos om die verslag meer kleur te gee asook interessante statistieke.

Groete

*Jacques Obermeyer*

*Boland JSV Voorsitter*

Corrie Prins – Wenner van die Bushnell gong challenge



Ope Wenner Jacques Obermeyer (1ste), Vaalseun Enslin(2de) en Marius Kotze (3de)



A Muller en Louis Kotze was ons 1ste en 2de Junior



Penkoppe Met Anje Viljoen ons wenner en J leroux en Japie de Villiers onderskeidelik die 2de en 3de plek



Die seniors Corrie Prins 2de, Martel Jacobs 1ste en Arnold Viljoen 3de.



## Statistieke

	Aantal Skuts	Gem. vir Baan 1 Vlakvark Vryhand staan	Gem. vir Baan 2 Gong Staan oor groot strooi baal	Gem. vir Baan 3 Springbok Sit oor twee poot	Gem. vir Baan 4 Gong Bakkie rol yster	Gem. vir Baan 5 Rooibok 3 poot staan stok	Gem. vir Baan 6 Jakkals oor kontoer wal op X Bag	Gemiddeld Totaal /900
Nie Lid	90	64	49	68	39	53	50	322
JSV Lid	90	79	93	104	84	84	86	531
<b>Grand Total</b>	<b>180</b>	<b>72</b>	<b>71</b>	<b>86</b>	<b>62</b>	<b>68</b>	<b>68</b>	<b>427</b>

	Aantal Skuts	Gem. vir Baan 1 Vlakvark Vryhand staan	Gem. vir Baan 2 Gong Staan oor groot strooi baal	Gem. vir Baan 3 Springbok Sit oor twee poot	Gem. vir Baan 4 Gong Bakkie rol yster	Gem. vir Baan 5 Rooibok 3 poot staan stok	Gem. vir Baan 6 Jakkals oor kontoer wal op X Bag	Gemiddeld Totaal /900
<b>Junior u16</b>	<b>12</b>	<b>37</b>	<b>58</b>	<b>70</b>	<b>25</b>	<b>33</b>	<b>47</b>	<b>269</b>
Nie Lid	9	39	53	72	23	44	45	277
JSV Lid	3	30	70	63	30	-2	52	243
<b>Ladies</b>	<b>9</b>	<b>83</b>	<b>83</b>	<b>112</b>	<b>50</b>	<b>47</b>	<b>64</b>	<b>439</b>
Nie Lid	4	95	45	95	30	3	66	334
JSV Lid	5	73	114	125	66	83	62	523
<b>Men</b>	<b>102</b>	<b>74</b>	<b>69</b>	<b>86</b>	<b>66</b>	<b>72</b>	<b>70</b>	<b>435</b>
Nie Lid	51	68	52	64	47	56	46	332
JSV Lid	51	79	85	107	85	87	93	537
<b>Penkop u14</b>	<b>3</b>	<b>105</b>	<b>70</b>	<b>28</b>	<b>40</b>	<b>53</b>	<b>33</b>	<b>330</b>
Nie Lid	2	83	30	-18	15	43	33	185
JSV Lid	1	151	150	120	90	75	35	621
<b>Senior 50-59</b>	<b>35</b>	<b>67</b>	<b>72</b>	<b>84</b>	<b>65</b>	<b>70</b>	<b>83</b>	<b>441</b>
Nie Lid	14	52	32	63	26	51	67	290
JSV Lid	21	78	99	98	91	83	94	542
<b>Veteran o60</b>	<b>19</b>	<b>82</b>	<b>87</b>	<b>97</b>	<b>65</b>	<b>83</b>	<b>50</b>	<b>464</b>
Nie Lid	10	67	60	97	42	69	45	380
JSV Lid	9	99	117	98	90	99	55	557
<b>Grand Total</b>	<b>180</b>	<b>72</b>	<b>71</b>	<b>86</b>	<b>62</b>	<b>68</b>	<b>68</b>	<b>427</b>